



DIE SKIPPER

GEMEENTENUUS - NG DENEYSVILLE

SEPTEMBER 2025

God gee lente in ons lewe

God gee lente in ons lewens.

Ek kyk by my venster uit en ek sien die blad-wisselende bome kry nuwe blare en die vrugte-bome gee bloeisels en op die vroeë perskes is die vruggies al reeds aan die vorm.

Die tuin, veral na die onlangse vroeë reën, het haar kop opgetel en lyk sommer aansienlik beter. Minder “doods”. Nuwe blomme wat oopbreek. Die rose doen die knopvorming ding en daar is ‘n optimisme in die natuur.

Die natuur weet, na die winter kom die lente. Die natuur weet dat platgekap en omgestoot beteken nie dat nuwe lewe nie weer kan uitspruit nie. Ek dink sommer aan ‘n privot wat handuitgeruk het en ek afgesaag het my met herhaling vertel: **Kyk! Ek groei terug!**

So dink ek aan 'n ouerpaar wat jare gelede twee kinders aan die dood afgestaan het. Dit voel vir hulle steeds soos gister, of soos bladwisselende herinneringe, dat die winter en seer elke jaar verbykom. En tog, elke keer 'n lente. Die Here wat hul ophig en vir hulle voorsien. In my begin jare, toe nog deel van NG Oranjeville, onthou ek hoe ek 'n Oranjeviller oor sy mooi tuin gekomplementeer het. Hy het my onkant gevang met so 'n ietwat van 'n kwaai antwoord oor hoe dit ure en ure se harde werk en moeite en vroeg opstaan vat om so 'n tuin te hê. 'n Mooi tuin gebeur nie sommer net nie.

Ai, ek wou eintlik net dankie sê en erkenning gee aan die tuinier.

Die ouerpaar waarvan ek praat vertel my sagkens dat die Here keer op keer weer hul lewenstuin mooi maak. Dat in die winter, seer van verlange en onthou, Hy hard aan die werk is in hul lewens. Ek ken die Groot Tuinier, Skepper, Vader, ook so.

In 1989 was ek wetlik verplig om 'n militêre kamp by te woon. Geen loskom kans nie. En soos vele kere vantevore geen verwagting om enigsins vroeër te kan huis toe kom en gemeente toe te kan kom nie. Dit was Paas-Sondag. Ek het van 'n buitebasis terug gekom na ons tuisbasis. Ek het aan die kaptein gerapporteer van 'n sersant wat moes terug huistoe met 'n werksvergunning, maar nog niks verder gehoor het nie. Die aand, rondom etenstyd, vra die kaptein my: Is jou werk klaar? Wil jy huis toe gaan? Kom ons maak 'n lang storie kort. Hy het niks van lewe tuis geweet nie. Maar, gelowige man wat ook hy was, het gevoel hy moet reël dat ek kan huis toe kom. Al het ek 'n program gereël vir die volgende dag in die basis. Hy het gereël dat 'n voertuig my die volgende oggend 60 km weg na die buitebasis vat van waar ek saam met die sersant huiswaarts kan reis.

Dit was gesinsdag. Die Maandag van Paasfees 1989. Ek het ses uur die aand by my skoonouers se huis in Pretoria ingestap en 9 uur daardie aand toe jaag ons hospitaal toe met my vrou wat kraamprobleme begin ervaar het. Dit is omgekeer en twee weke later was ons eersteling daar.

Ons grote God, die Tuinier en Skepper van ons lewens, het vooraf als voorberei vir ons nog voordat ons geweet het ons gaan probleme hê.

Ander kere het Hy ons deur swaar dinge gedra, selfmoord in die nabye familie, uitbranding, kanker, dood van ons ouers en ander swaar ook. Elke keer het die Here ons gedra.

Elke keer het Hy nuwe lewe gebring.

Soos ek terugkyk op vele winters en somers, lentes en herfsmaande, sien ek dat die nuwe lewe, die wedergeboorte, in Sy Hand nuwe lewe bly voortbring het. Nie net in my nie, maar in soveel van u saam met wie ek al lang paaie kon stap. Swaar paaie en mooi paaie en steeds het God die groei gegee.

Kan ek dan vir die oom met sy mooi tuin net sê, en vir my sê, en sommer ewe voorbarig vir jou ook, God gee die groei. God gee die lentes en God dra die winters ook. God gebruik die seisoene om die groei te gee wat ons so nodig het.

Geniet die lente.

Geniet ook die lentes in jou.

- Carlie



Wat beteken dit om te gee ?



So het dit gelyk toe ons September moes uitpak na 'n leë container

Wat beteken dit om te gee? Gee ons vir almal wat nodig het of gee ons net vir sekeres? God sê gee vir almal.

Ons is so geseënd elke dag, ons het kos, klere, 'n warm bed en mense wat lief is vir ons. Dan is daar mense wat kaalvoet loop, mense wat wonder wat hulle vanaand gaan eet, maar steeds is hulle gelukkig want Jesus het hulle vir nog 'n dag gespaar.

Soms lê ek wakker na 2 in die oggend en dis dan wanneer die Here met my praat. "Julle as gemeente is so geseënd en julle doen wonderlike werk, dankie daarvoor ... maar nou moet julle saai, want daar is mense wat julle hulp nodig het."

En so het ons geluister: al die klere, skoene en huisraad wat oorgebly het na Junie se klereverkope het ons gesaai. Ons het uitgedeel aan Jeugland in Vanderbijlpark, Eagle Wings Shelter in Meyerton en Mona (Care Group) in ons gemeenskap wat baie mense help. En trou aan Sy woord het die Here geseën ... ons het na Junie niks oor gehad nie, maar kon September 'n saal vol pak met nuwe klere!

Al die dames en mans wat help met die klere kan sien hoe groot die behoefte is. Ons kan 'n groot verskil maak, nie net in ons eie gemeente nie, maar aan elke liewe persoon in nood, want die nood is groot.

Kom ons vat hande en staan saam en help wie ons kan en hoe ook al ons kan. Elke hemp, broek of paar kouse wat u vir ons skenk word opreg waardeur .

Dankie aan elkeen. Sonder dat jy weet maak jy 'n verskil in iemand se lewe en dit is hoekom God ons op die aarde geplaas het, om mense te help en Sy groot naam te dien. Elke skenking word ook aangeteken.



Dankie aan elkeen, jy word raakgesien. - Lynette



My eierpan - my kosbaarste besitting!

Geldige vraag – hoe kan 'n eierpan iemand se kosbaarste aardse besitting wees? Vir my is dit baie maklik ... dit was 11 jaar gelede 'n trougeskenk aan my van my ouers. 'n Dik aluminium pannetjie. Dit kos *elbow grease* en staalwol om 'n behoorlike eier in dit te bak. Ongelukkig is ek nie 'n uitermate goeie huisvrou nie, so ek neem kortpaaie. Skuur net die binnekant blink en los die buitekant asvaal ...

Toe ek dit netnou was en skuur, afspoel en op die droograk sit om self droog te word, kyk ek so na die buitekant waar die skoon afspoelwater vasklou. Die blink geskuurde binnekant is egter 'n ander storie. Die waterdeeltjies kom saam, vorm druppels en loop vrolik van die pan af.

Toe dink ek – is dit nie maar hoe ons as mense ook moet wees nie? Al is jy vaal van buite omdat jy tweedehandse klere dra of net kool en wortels eet – wat maak dit saak? God het ons elkeen uniek gemaak.

Solank die Heilige Gees ons vul en ons vir Christus blink en die verkeerde dinge nie vashouplek in ons lewe kry nie (soos die druppels in die pan) kan ons dans en juig voor die Here ons God, want Hy het ons nuut gemaak!



NG DENEYSVILLE BIED AAN

ARTS IN THE PARK

KUNSUITSTALLING & VEILING

25 OKTOBER
10 AM - 03 PM

Wat om te verwag:

- Pragtige kunswerke te koop regdeur die dag.
- Uitstallings deur plaaslike kunstenaars.
- Kunsveiling en skemerkelkie vanaf 16:00.

Kom geniet die dag en kry jou gunsteling stuk vir jou versameling!

Ervaar die ryk kreatiwiteit van die Vaaldriehoek se talentvolste kunstenaars by Arts in the Park, 'n unieke kunsuitstalling en veiling. Geniet 'n dag gevul met inspirerende kuns, kreatiewe stalletjies en 'n gesellige atmosfeer.

Riviera on Vaal Resort
Mario Milani Drive

Vir meer inligting of om as uitstallende kunstenaar deel te neem, kontak:

☎ Atha: 016 371 1405 ☎ Sandra: 072 299 1877

✉ ngdeneysville@outlook.com



EK IS NAOMI

Ek wil my getuienis wat ek hier met julle deel, noem: “God het my, my woorde laat sluk.” Ek wil jou vertel hoe God ‘n nuwe lente in my gebring het.

Ek is Naomi. Ek glo julle het al stories oor my gehoor.

Dit was ‘n tyd van erge droogte. Ons kon nie meer nie en moes toe om te kan oorleef trek na ‘n land waar ons gedink het ons ‘n toekoms sal kan bou. Min het ek geweet wat wag en dat die toekoms wat God wou gee nie in daardie ander land was nie.

Dit was al die tyd net hier in Betlehem.

‘n Toekoms, en ‘n nalatenskap wat ek nie ooit myself sou kon indink nie.

Ek en Elimelek en ons twee seuns is na Moab toe. My man is daar oorlede. My seuns het met Moabietiese meisies getrou. Hulle het goeie vrouens gekry. Ek was naby aan hulle. En toe sterf ook my seuns. En soos dit al gesê is, ek het alleen agter gebly.

Alleen sonder my man en my seuns in ‘n vreemde land. Ek het in my selfbejammerring mis gekyk dat God my twee wonderlike skoondogters gegee het. Ek het God verwyd. Ek het Hom beskuldig dat Hy my vol lewe leeg gemaak het.

Ek het myself Mara laat noem, want ek het gevoel die Almagtige het die lewe vir my bitter gemaak.

Maar wag ek loop my storie vooruit.

Ons was omtrent 10 jaar daar in Moab. Toe hoor ek dat die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur goeie oeste te gee. Daar en dan het ek opgepak om terug te gaan na Betlehem. Ek en my twee skoondogters is saam daar weg. Ek het langs die pad vir hulle gesê om liewers huis toe te gaan. Terug na hulle ouers toe. Hulle is jonk. Hulle sal weer goeie mans kry. Daar wag ‘n toekoms vir hulle. Saam met my wag net onsekerheid.

Hulle het gehuil. Hulle wou saam met my. Ek kon Orpa oortuig om om te draai.

Maar Rut, vir haar kon ek nie keer nie. Sy was vasberade. Sy het gesê:

“Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei.” Rut 1:16-17

Ek het opgehou om haar te probeer ompraat. Sy was nie bang om uit te gaan en are op te tel saam met ander weduwees nie. Daar was nie aansien daarin nie. Die sonder heenkome het are opgetel. Sy was nie bang vir die stigma nie. Sy was so prakties ingestel.

Vandag dank ek die Here daarvoor. Vandag besef ek hoe God by ons was. Hoe die Almagtige my versorg het. Dit was nie Hy wat my lewe leeg gemaak het nie. Dit was ek en Elimelek se keuse om weg te trek.

Waar was ek nou weer? O, ja. Ek dank God. Wie anders sal ek dank? Wie anders as die Almagtige het vanuit al die oeslande vir Rut juis op Boas se grond laat gaan are optel. God het haar en Boas se paadjies laat kruis.



29 Augustus 2025



29 August 2025 18:29



29 August 2025 17:41

Dankie aan elkeen wat
bygedra het om hierdie
dag so 'n groot sukses te
maak!

Golfdag by Maccauvlei






eelepel-

ETE
27 Julie 2025

Wat 'n wonderlike reis om die wêreld
met soveel verskillende disse.



**Oktober is "Verkondig
die Woord"-maand!**

Daar is steeds mense wat nie 'n Bybel van hul eie besit
nie. Kom ons vat hande en help die **Bybelgenootskap** om
hulle missie 'n werklikheid te maak. Tydens Oktober sal
daar kollekte en verskeie maniere wees om hierby
betrokke te raak.

**Sedert 1820 is dit die missie van die
Bybelgenootskap om bekostigbare
Bybels te voorsien vir elkeen in hul
eie taal en in geskikte formate sodat
almal die lewegewende boodskap
van die Woord mag ervaar.**

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika



OKTOBER 2025

Verkondig die
WOORD



NG Deneysville

Potjie Opskop

R50

per persoon

4 Oktober 2025

Kuier begin om 14h00.

Bring jou eie eetgerei, drinkgoed, snacks
en kampstoel en kom kuier saam.

Kaartjies nou beskikbaar by die kantoor.

VIR MEER INLIGTING:

GOEDHEID INNISKUUR, VEEKRAAL



016 371 1405



**KINDERS VAN
6 TOT 18**

**KOM TOETS JOU
BYBELKENNIS EN
BOU SAAM 'N
WEN-PIZZA!**



**Kostes beloop R10
per persoon. RSVP
asb. by jou kategeet
of die kerkkantoor.**

26 Sep. 2025 - 18:00 tot 20:30

**KATEGESE
Pizza Rallye**

LENTE KLOKKE

Daar is min dinge so mooi soos ware kerkklokke wat beierend 'n nuwe Sondag aankondig. Dit is weliswaar nie so mooi soos iemand wat God herontdek of vir die eerste keer lief kry nie. Die deurbreek van so 'n nuwe lente in hul lewe is kosbaar.

Hoe kan ons elkeen help lente in ander se lewens bring?

Wat van die BELLS (klokke) benadering? Dit is gewoon christen wees op 'n gefokusde manier. BELLS is dan 'n akroniem.

Meer breedvoerig werk dit so. Vir die volgende maand, doen die volgende:

- Seën drie persone (nie jou eie familie of vriendekring nie) elke week: deur gebed en of deur iets goeds vir hulle te doen of iets te gee.
- Gaan drink koffie saam met drie persone met die doel om 'n vriendskap of beter verhouding te skep van waaruit jy moontlik vorentoe jou geloof met hulle dalk sou kon deel. Deesdae se selfoon-kuiery bou tog nie dieselfde tipe verhoudings as een op een kuiers nie.
- Maak 'n punt om meer van Jesus te leer. Lees die evangelies deur in die volgende maande en probeer vasstel: Hoe is Hy? Hoe het Hy mense hanteer? Leer Hom ken.



“Bless”, seën



“Eat”, eet of drink koffie saam met iemand in die week.



“Learn”, leer meer omtrent Jesus bv die Evangelies weer te lees.



“Listen”, luister na Jesus.




“Send”, stuur. Dink oor jouself as 'n gestuurde van Jesus.

- Luister na Jesus. Sit in stilte by Hom en probeer net om te luister. Bid.
- Dink een maal per dag vir die volgende maand aan jouself as iemand wat deur Jesus gestuur word. Waarheen? Na wie? Om wat te doen? Bv te help, te getuig, net om te gee ...

Kry iemand wat jy saamnoui op hierdie pad, en weekliks of twee weekliks kom julle byeen en doen verslag aan mekaar oor bogenoemde. Na die maand, kyk terug en sien in hoe 'n mate jou eie lewe gegroei en verryk is.





**WAARNA
KAN JY
UITSIEN DIE
KWARTAAL**




Moenie uitmis nie!

**SEPTEMBER
2025**

26 - Kategese
Pizza Ralley

27 - Kategese
Uitreik



Sien jou daar!

OKTOBER

4 - Potjie Opskop

25 - Kunsuitstalling

